Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 23 Julie 1947. No. 34.

# 8 Aug. Moet O.B. Versterk Teen Verwagte Aanslag

Gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl rig onderstaande oproep in verband met die naderende fondsinsamelings

Toe daar vooruitsigte was dat die greep wat die Britse Empire op S.A. het, spoedig sou verswak word deur middel van 'n Duitse oorwinning, en ook toe Afrikaners in groot getalle in konsentrasiekampe en tronke gestop was en hul families onversorg agtergebly het, toe was dit skaars nodig om 'n beroep te doen op lede van die O.B. om met 8 Augustus hul beste te doen. Fondse het ingestroom. Vandag is dit anders. Daar is nie die vooruitsigte op 'n kort stryd nie, daar is nie die aansporing wat spruit uit meegevoel met geteisterde mede-Afrikaners nie. Daarom is dit nodig om 'n beroep te doen op ons mense om die stringe nie te laat slap hang by die aanstaande Fondsdag nie. **Solank ons volk in onvryheid leef en solank ons volk verdeeld staan, so lank rus daar 'n swaar taak op die O.B. Hierdie taak kan nie verrig word sonder u medewerking en geldelike steun nie. Mag ek u dan oproep tot 'n grootse poging gedurende die weke wat voorlê.**

SAMESNOERING

Die mees dringende taak van die O.B. in die jaar 1947—48 is om alle Afrikaner-kragte saam te snoer in ons stryd vir die behoud van ons blanke beskawing. Daarvoor is u ondersteuning nodig. **Terselfdertyd is daar aanduidings dat gedurende die jaar wat nou begin, die woede van 'n S.A. „Neurenberg" op die O.B. mag losbreek. Gebeur dit, dan sal die O.B. sterker staan as gevolg van die krag wat hy op 8 Aug. deur u toedoen sal ontvang. 8 Aug. gee ons 'n geleentheid om al by voorbaat 'n demonstrasie te gee van ons vasberadenheid om voort te gaan met die stryd wat ons begin het.**

# Geen Verband Met H.N.P. Sê K.G.

**„Luidens persgerugte staan daar glo 'n soort Suid-Afrikaanse Neurenberg voor die deur. Oor die gerugte self wil ek geen kommentaar maak nie, veral daar my eie naam ook deur die profete genoem word in verband daarmee," lui 'n verklaring van die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg.**

**„Afgesien, egter, van die gerugte wil ek sonder die minste huiwering onderstreep wat die leier van die H.N.P. te sê het oor die absolute gemis aan skakeling tussen die O.B. en die H.N.P. sedert laasgenoemde se „ultimatum" aan die O.B. in 1941. Wat die meriete of demeriete van die O.B.-leiding sedertdien ook mog gewees het, niemand behalwe 'n kwaadwillige kan die H.N.P. — of enige ander party — aanspreeklik hou vir beweerde O.B.-aksie. Ewemin is die O.B. verantwoordelik vir die H.N.P.-houding van die laaste jare. Alle voeling het ontbreek, wedersyds.**

**„Sedert 1941 het ek selde geleentheid gehad om met dr.**



DR. HANS VAN RENSBURG

**Malan ooreen te stem; in hierdie stelling is ek dit egter met hom volkome eens."**

## Genl. J. A. Smith In Hospitaal

**Die toestand van genl. J. A. Smith, adjunk-K.G. is, na verneem word, soveel beter dat verwag word dat hy teen die end van die week of begin a.s. week die hospitaal sal kan verlaat.**

**Genl. Smith het onlangs 'n hartaanval gehad onderwyl hy aan sy huis gewerk het en moes na die hospitaal op George geneem word vir behandeling.**

## ENGELAND KAN HOM NIE MEER SELF BESKERM SÊ BRIT

**Die na-oorlogse magteloosheid van Engeland om homself te verdedig en die feit dat die dominiums hiervoor sal moet instaan, is deur onder-adm. Clement Moody in Rhodesië verlede week op 'n dinee erken.**

**„Dit is duidelik dat Brittanje nie meer die mag en geld het om al sy vlootverpligtinge wat vir die veiligheid van die statebond vereis word, na te kom nie," het hy gesê. Brittanje verwag tans van die lede van die Britse statebond om soveel tot die verdediging van die Britse Ryk by te dra as wat hulle kan doen. Hy het die aanwesigheid van seekadette om die Britse vloot te versterk, verwelkom.**

## Oog Wat In "Donker" Sien

**Die oorlogswonder radar wat in staat is om in die donker te „sien" word in toenemende mate op skepe aangebring ten einde hulle in storms en donker nagte teen rampe te beskerm. Waar skepe voorheen in mistige nagte teen 'n paar knope per uur moes vaar, is 'n skip wat van 'n radartoestel voorsien is, in staat om teen sy gewone snelheid voort te beweeg. Die foto toon 'n radar apparaat wat op die Queen Mary aangebring is. Die man wat hier in die buis van die apparaat kyk sal in staat wees om in mistige weer sy weg duidelik op die skerm te sien en nie in gevaar staan om op rotse te loop te kom nie.**



# Kon Russiese Wreedhede Nie Langer Aanskou

## Kommunis Se Verhaal Van Gruweldade In Duitsland

**'n Onthullende verhaal oor die Russiese wandade agter die ystergordyn waar Duitse burgerlikes massagewys deur die guillotine onthoof word soos tydens die Franse Rewolusie, word vertel deur 'n Duitse kommunis wat daarin geslaag het om van die Russe af weg te kom.**

**Hy vertel hoe Russiese soldate op feesdae van die Rooi Leër losgelaat word om Duitse vroue te verkrag en te vermoor.**

Hierdie Duitse Kommunis, Hermann Katzkowski, is in Oos-Pruise gebore. Weens sy kommunistiese bedrywigheid is hy in 1942 deur die Duitse regering vir drie jaar in die tronk gestuur. Nadat die Russe bevel van die gebied oorgeneem het, is hy ontslaan en het hy na Königsberg verhuis waar hy hom die afgelope tyd bevind het. Sy verklaring is in Review of World Affairs gepubliseer.

Die Russe het 'n deel van Königsberg op 7 April 1945 beset en al die burgerlikes uit die gebied na Löwenhagen verwyder. Nadat hierdie kommunis sy rekord aan die Russe gewys het, het hulle hom beloon deur hom wyksburgemeester van Brandenburgstraat in Königsberg te maak.

MOORD

„Onmiddellik nadat die Russe die stad beset het, is alle lede van die Nazi-party en ander persone na verskillende kampe en tronke soos Metgegen, Labia en Insterburg gestuur. In die tronk van Königsberg was daar tot agt politieke gevangenes in een sel. Ons burgemeesters moes dikwels teenwoordig wees as daar inspeksies gehou word. **Teen Mei was daar al meer as 1,500 persone vermoor, verdwyn en dood aan tifus."**

**„Teen 20 Augustus 1945 is al twaalf burgemeesters insluitende pas verkose hoofburgemeester Mau, gedwing om teenwoordig te wees by die teregstelling van 1,000 politieke gevangenes in Königsberg. Hulle is deur middel van 'n valbyl om die lewe gebring; twee manne het op die laaste oomblik die teregstelling ontkom deur verandering van hul vonnis tot tien jaar hardepad; een van hulle was die gevolmagtigde van die firma Anders, met die naam van Flach."**

GROENTE GEVAT

As gevolg van die ellendige voedseltoestand het die burgemeesters die besetters gevra dat die inwoners van die stad toegelaat word om aartappels en groente in hul tuine te plant. Die verlof is toegestaan en die inwoners van die stad het aan die werk gespring. **Toe die groente bruikbaar begin word, het die Russe opdrag gegee dat niemand daarvan mag gebruik nie en Russiese soldate is gestuur om dit op te pas. Die Russe het alles vir hulself opgeëis. Alleen die burgemeesters wat witbande om hulle arms moes dra, is toegelaat om van die groente uit hul tuine te gebruik.**

Teen die einde van Junie 1945 het tifus onder die inwoners gemaai en 'n ware plaag geword. Sedert die somer van daardie jaar het die bevolking geweldig

(Vervolg op bladsy 8)

## HOE DIE BRITTE WURG

**Tot hoe 'n mate die oorlogsmoeë Britte belas word, blyk uit die volgende verhaal:**

**Winston Churchill is besig om sy oorlogsherinneringe te boek te stel. Hy het die kopieregte daarvoor aan Amerika verkoop vir 'n bedrag van £250,000. Sy boek sal ongeveer 1,000,000 woorde beslaan, sodat hy inderdaad 5s. per woord ontvang.**

**Die Britse regering sal hom egter vir 'n bedrag van 19s. 6d. in die £ aanslaan vir inkomstebelasting. Dit beteken dat hy van die £250,000 wat die Amerikaners hom betaal, maar net £20,000 in sy eie sak kan steek. Die res gaan na die Britse skatkis.**

# DIE FRIESE

## 'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

HOOFSTUK II

Die manne was dankbaar, met 'n stywe en effens bibberende dankbaarheid, toe die eerste sonstrale die kant van die kloof vaalpers geverf het en langsamerhand ook oor die bosse om hulle begin deurdring. Later het die koue verdwyn en vir 'n stilbehaaglike warmte plek gemaak. En — nog later — het hulle in die songedrenkte kloof die dors begin gewaar.

Voor die middag om was, het die dors hulle gedryf om in die klofie water te soek — tevergeefs. Die rante met bloubos en ysterklip wat om Bloemfontein geleë is mag hulle deugde hê, veral by wyse van kontras teen die selle van die gevangenis wat in die suidooshoek van die stad lê, maar wat dié deugde ook mag wees — waterrykheid is nie een daarvan nie.

Die naaste moontlikheid van water wat hulle kon gis sou daar onder op die vlakte wees, by daardie windpomp langs die sementdammetjie met die groentetuin langsaan en die boerewoning nie te ver daarvandaan nie. En dit was heeltemal buite kwessie om daarheen te gaan voor die donker oor die aarde gesak het.

Dit het hul eie verstand hulle gefluister. En, in geval iemand die fluisterstem wou verontagsaam — vanweë die dors en die droë verhemelte wat hom kwel — dan het 'n stipte dophou van die grootpad wat geen halfmyl onderkant hulle verby gaan, hom spoedig oortuig dat stil lê die enigste raad is.

Drie, vier keer het hulle 'n motorfiets met bywa sien verbyjaag en eenmaal het hulle die Ford V8 aan sy kleur herken . . . . die speurders! Daar was baie honde op hierdie hase se spoor!

„Dit smaak vir my hulle mis ons van ganser harte", was Coert se opmerking — en die leedvermaak van die ontsnappingsure was weer onmiskenbaar in sy oë te lees.

Dit was een van die weinige vreugdevolle onderbrekings wat hulle in dié dae op die berg geniet het, om so toe te kyk hoe hul vyande die pad afjaag om een of ander gewaande spoor op te volg . . . . die spoor wat 'n ywerige nuusdraer of bemoeisieke „waarheidsridder" by die speurders aangegee het.

Spore was skynbaar volop— maar geen spoor het die vyand na die kloof teen die berg gelei nie.

Toe dit donker was en die aandkoue begin weer om hul heen opstyg, het die vyf man die kloof afgestruikel, windpomp-toe. Ook die twee leë kosblikkies wat hulle gedurende die dag oopgemaak het, het hulle saamgeneem. Môre moet nie weer 'n herhaling van vandag se dors wees nie.

So het dit dag vir dag gegaan, asook nag vir nag.

Na hulle die dag se dors by die windpomp en die sementdam geles het moes hulle probeer die leë blikkies en die twee velthoedens wat hulle gehad het vol water te maak en dit na die skuilplek terug te bring. Die vólmaak was geen kuns nie; maar om die goed vol te hou in daardie struikelgang in die donkere kloof op . . . . daar het nog al heelwat kuns ingelê. Heelwat kuns — asmede herhaalde teleurstellings!

Dit was daarom dat Jaap sulke bokspronge van pure vreugde gemaak het toe hy die derde aand die gellingblik in die donker naby die windpomp gevind het. Weliswaar was die blik vuil en besmeer met olie, maar dit het nie veel getel nie en is tot 'n groot mate in die volgende vyf of tien minute reg gemaak. Hoofsaak was dat dit 'n gellingblik was en dat dit geen gate in gehad het nie.

„Kêrels, die watersnood is opgelos! As hierdie Boer nog veel langer in die donker ronddool dan ontdek hy sweerlik nog 'n Agastoof om ons kos te kook", was Koos se kommentaar toe hy Jaap se geluk agterkom. „Om die kos te kook wat ons nie het nie", vul hy aan, want die blikkieskos was op.

Die plek van die blikkieskos was nou geneem deur die

*Deur*
*S. J. de Jongh*

groente wat hulle in alle versigtigheid in die nabye tuin moes gaan haal. Met hierdie strooptoggies op die tuin en die waterdraery . . . met hierdie nagtelike bedrywighede het hulle siel en liggaam aan mekaar gehou. Wat die strooptogte betref, het Koos die hoopgeuiter dat elkeen besef dat hulle die groente bloot noodgedronge neem. „Ons vat dit elke keer met die verskuldigde eerbied, kêrels, met die verskuldigde eerbied."

En Piet het Koos geraai om volgende keer minder eerbied en meer wortels saam te dra kloof-toe.

Hulle het gewonder wanneer die redder hulle weer kom haal. Of was hy dalk voorgekeer met die terugreis en op suspisie „aangehou kragtens noodregulasies." Daardie nagtelike ryery met 'n jas oor sy slaappak, en dit gelyktydig met die soekery na die vyf man . . . . dit alles sou wel ongemaklike verduidelikings vereis.

En as hy gevat is en nie kan kom nie? Hoe kan ons dit te wete kry? ons hier lê tot die jongste dag? So, ongeveer, het hul gedagtes hulle gekwel. Hulle het na Coert gekyk; hy het die redder die beste geken en hy sou wel die beste oordeel kan vel.

„Nee wat, alles sal regkom. Ek ken die ou. 'n Plan sal hy maak — al het hulle hom ook gevat. Hy sal met een of ander besoeker of met sy vrou tyding stuur. Julle kan sweer dat die weer te kwaai pak in die stad . . . . klopjagte en arrestasies en vrae en geklets — alles. Ek neem aan die ou moet hom sommer doodluisters hou en die gejaag oor sy geboë hoof laat trek; en hy sal veral ons spoor en ons skuilplek moet vermy soos die plae van Egipte. Tjoepdoodstil lê is al raad vir hom.

„Vir ons ontwil sowel as syne," het Coert geredeneer.

En daarom het hulle maar dag na dag en nag na nag verby laat gaan en hulself met die gellingblik water en die nagtelike sarsies op die groentetuin daaronder in die vlakte aan lewe gehou.

Die poging op die sesde dag om hierdie op die duur ietwat eentonige spyskaart 'n bietjie aan te vul, was eintlik Piet se blinke gedagte gewees. Hoewel Piet minder opgenome was met die aanmerkings van sy maters toe die redder hulle die volgende nag — na sewe dae van versteking in die kloof — kom haal het.

Effens mismoedig het die vyf man daardie sewende aand die wye wêreld lê en aanstaar toe hulle 'n motor se ligte in die grootpad gewaar. Die motor het van die stad se kant af nader gekom. Kort onderkant die kloof het die motor in die grootpad stilgehou en die ligte afgeskakel.

Vriend . . . . of vyand? Dit was in vyf gemoedere die opperste gedagte.

„Ek glo nie dit kan een van die ander seksie wees nie", mompel Coert. „Hulle sou met minstens twee motors moes kom as hulle ons vyf wil vang." En sy maters was geneig om met hom saam te stem. Nietemin het almal doodstil gelê en die ontwikkelinge afgewag.

„Dankie land — dis hy!" sê Piet toe hulle in die nagtelike donker net een man die rand na die kloof hoor opstap.

Toe hulle die aankomende gestalte so saggies in die donker hoor fluit: „Vanaand gaan die volkies koring sny, koring sny," verdwyn die laaste sweem van twyfel.

„Ja, dis hy," beaam Coert, hy staan op en hulle stap die aankomeling tegemoet.

Die thermosfles vol warm koffie en die pakkie toebroodjies wat die redder saamgebring het, het vinnig verdamp. Daarmee is so summier gehandel dat Piet later gesweer het dat sy beurt verby was nog voordat hy aan die beurt gekom het.

Maar Piet, hoe trou en kloekmoedig ook al, was oor koskwessies meestal nie 'n baie betroubare barometer nie.

Die vriend wat met soveel dankbaarheid en blyde verligting ontvang word, deel hulle mee dat dit in die afgelope dae eenvoudig noodlottig sou gewees het om te probeer skakel. „Jul ontsnapping het die wêreld so aan die brand gesteek dat dit die ene rep en roer was; om toe nog julle te wil opsoek sou gelyk het soos 'n versoeking van die Voorsienigheid. Mens kon nie eens binne myle van julle waag nie," verduidelik hy en voeg by dat selfs anderkant die bult en onderkant die wind was niemand veilig nie, so het die „spul Tipperêries" — soos hy die politieke speurders genoem het — tekere gegaan.

Mettertyd, vertel hy, het die storm homself uitgewoed en het die vyand blykbaar begin hoop opgee om die ontsnappelinge binne die stad of sy onmiddellike omgewing op te diep. Weliswaar vind daar nog enkele klopjagte plaas en word daar skerp dopgehou, maar mens kon nou darem meer redelikerwyse beweeg. Om al hierdie redes het hy dit maar gerade geag om vandag hulle te kom haal, het hy besluit.

„Ek wil darem nie die ou tjorrie te lank daaronder in die grootpad laat staan nie — trek onnodig aandag. Kom ons vertrek maar," maan hy hulle en binne enige minute was die komberse gehaal. In die donker skop iemand teen 'n blik.

„Totsiens, ou gelling" roep Jaap ewe kameraadskaplik, en hulle stap af motor-toe.

Op pad terug het die vriend hulle ook ingelig oor die verdere planne. Die vyf sou 'n bietjie uitmekaar moet spat, dit was vanselfsprekend.

Twee sou in 'n hut wat baie verborge tussen die bosse by die plesieroord Maselspoort staan, gehuisves word. Die hut behoort aan 'n vriend wat dit net met naweke gebruik en wat nou tydens die wintermaande, dit heeltemal aan hulle oorgelaat het. Solank hulle daar nie te erg veel rondloop en moeite soek nie, is hulle wel veilig.

Twee ander sou met 'n geleentheid oormôre na 'n uitstekende boer in die Oos-Vrystaat geneem word en die vyfde man is meer as welkom by 'n melkboer in die distrik.

Soos een man bars almal behalwe Piet in luide gelag uit. „'n Melkboer! Dis ou Piet se tuiste daardie! Sê net dat die boer niks anders as viergelling Frieskoeie aanhou nie — en ou Piet se beker is oorvloeiende;" en Koos het so lekker gelag dat Piet hom aansnou: „Ag man, hou jou smoel!"

„Wat se suiwelmoleste het Piet dan gemaak?" wil die redder weet.

„Dis 'n tragiese storie daardie," lag Coert, „ek meen hy moet dit in sy eie woorde vertel."

„Nee, wragtie nie ek nie," was Piet se besliste antwoord.

„Nou ja goed, as die ou hom so opstêrs wil hou dan vat ek maar die teuls," dreig Koos en Piet sak maar brom-brom terug in sy hoekie in die motor.

Toe vat Koos die teuels.

(Word vervolg)

# Laat 8 Augustus Ons Erns Wees

**Genle. M. Michau roep as volg op in verband met 8 Augustus: 8 Augustus, by uitnemendheid die dag waarop die vrou kan toon wat haar bydrae tot die nasiestryd is, is weereens op hande. Vroue, moenie op u laat wag nie! Nog nooit het die Afrikanervrou teruggedeins vir enige taak wat op haar skouers gelê is nie.**

Laat ons almal op O.B.-dag weer opnuut onder die besef kom van ons hoë roeping as vroue en onthou: „'n Volk is wat sy vroue en moeders van hom maak."

Laat vanjaar weereens die liefde en toewyding, die onbaatsugtige opoffering waarmee elke vrou en dogter haar kragte wy aan haar 8 Augustus-taak, vir die manne 'n besielende simbool wees van haar onwrikbare geloof in die oorwinning van ons Beweging en in die uiteindelike vervulling van ons grootste ideaal.

Afrikanervrou, dit wat u die dierbaarste is, u kind, die geslag van môre sal u hulde bring as u vas kan staan in die stryd. Hierdie geslag, en hierdie geslag alleen, kan met die hulp van die Allerhoogste die blanke Afrikanerdom red van die onheilspellende gevaar wat oor hom toesak. Wee haar wat met gevoude hande op haar naaste wag om haar plig uit te voer. In die stryd wat ons moet voer is nie net mooi woorde nie, maar veral ook die onontbeerlike fondse nodig.

Laat dit by elke vrou, elke moeder, elke dogter, heilige erns wees om met 8 Augustus 1947 aan die ganse volk te demonstreer hoe die O.B.-vrou kan presteer.

## Brandwag Heengegaan

WILLOWMORE. — Die O.B. van Willowmore is swaar getref deur die heengaan van oud-komdt. G. P. du Pisani wat die kommando op 8 Julie ontval het. Die kommando wens om hul innige meegevoel te betuig met mev. Du Pisani en gesin. — (Korr.).

## Oom Piet Kruger Heengegaan

MIDDELBURG, Tvl. — Ons Kommando Middelburg-dorp het weer 'n lid minder geword met die afsterwe van oom Pieter Ernst Kruger, in die ouderdom van 69 jaar, op 11 Julie.

Hy het in omstreeks 1940 siek geword aan wat later geblyk het 'n ruggraatverlamming te wees. Vir byna 5 jaar het hy op die invalidestoel deurgebring, maar tog was hy altyd 'n inspirasie vir die O.B. Sy lidmaatskap het hy getrou opbetaal, en hy het ons altyd gesteun waar dit nodig was. As oom Piet in later jare nie so swak geword het nie, sou hy 'n verbasende stukrag en steunpilaar gewees het vir ons kommando.

Hy is op Sondag 13 deser vanuit die Ned. Herv. Kerk begrawe, en die lykdiens is waargeneem deur ds. W. H. Barnard, wat 'n baie ernstige woord tot die teenwoordiges gespreek het na aanleiding van 1 Petrus 1 vs. 24.

Wyle Oom Piet is op 14 Desember 1877 gebore. Gedurende die Goudoorlog het hy onder komdt. Trichardt geveg en is later gevang.

Oom Piet laat sy weduwee na met ses seuns en drie dogters almal getroud en almal O.B.

Aan die treurende familie wil ons manne- en vrouekommando hul opregte deelneming betuig. Oom Piet se dade sal verder inspireer. — (Korr.).


**Is Medisyne Noodsaaklik?**

*Die Natuurwetenskap sê nee!*

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**

**Met Verbasende Uitslae**

**GEEN MEDISYNE!**

**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepasisng van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**

**Posbus 1336 — KAAPSTAD**

## *Dit Het So Gebeur :*

# My Eerste Ossewabrandwag-kamp

**In hierdie rubriek word die geleentheid aan ons lesers gebied om van hul ervarings binne die Ossewabrandwag te vertel. Mededelings in verband met die stryd van die beweging is van harte welkom.**

Hierdie kamp is gehou in Potchefstroom-distrik toe die K.G. so pas Kommandant-generaal geword het. Dit het geduur van Vrydagmiddag tot Saterdagmiddag. Die geselskap was werklik 'n uitgesoekte. Die kommandant is later aangekla weens hoogverraad, was 'n geruime tyd in die tronk, is nou hoofgeneraal, lid van die Grootraad en baie prominent in die anti-Indiërbeweging. Sy adjudant was later ook saam met hom in die tronk op aanklag van hoogverraad. Ons veldprediker was 'n teologiese professor, wat homself later onderskei het op 'n wêreldsinode. Ons kok was 'n bekende plantkundige, lid van verskeie natuurwetenskaplike verenigings en die Akademie.

Ek is soontoe in die geselskap van die sersant en veldkornet wat oor my aangestel is. Hulle is later altwee bevorder tot professor en die destydse veldkornet is vandag lid van 'n Gebiedsraad. Verder was daar nog baie offisiere en onderoffisiere van Potchefstroom en distrik, van wie verskeie later met Sy Majesteit se tronke kennis gemaak het.

Die plaas waar ons heen gegaan het, is baie geheim gehou. Aan ons bloedverwante en naasbestaandes is meegedeel dat in geval van nood, daar 'n verseëlde koevert by die kommandant se agtergeblewe eggenote gevind kan word, wat ons skuilplaas sou aandui.

NOODREGULASIES

Daardie einste week het die noodregulasies wat dril verbied, verskyn. Dit was iets nuuts en oor die algemeen was daar die gevoel dat die noodregulasies ywerig onderhou en gehoorsaam moes word. Dat daar met die verloop van tyd 'n effense verslapping in hierdie ywer gekom het, sal ek nie ontken nie. Met hierdie kamp egter was ons ten volle nood-regulasiebewus. Die regering was bewus van die nood en ons van die regulasie.

Daar is toe ook besluit om nie te dril nie, soos dit wetsgehoorsame en noodregulasiegehoorsame burgers betaam. Instede daarvan het ons toegelê op ritmiese jukskeigooi. Wie die vader van hierdie unieke uitvindsel was, weet ek nie, alhoewel ek my suspisies het, maar tog was dit my beskore om hierdie unieke skouspel te aanskou **vanwaar ek by** die vuur as kok se maat my plig probeer doen het.

FYN KUNS

Ritmiese gesamentlike jukskei-gooi! Watter wonderlike uitvindsel van die Boerevernuf! Vir urelank het die offisiere en onderoffisiere hulle hierop toegelê en die hele besigheid in 'n fyn kuns laat ontwikkel. Selfs die jukskeie het naderhand meer gelyk op die grond geval. **Daar is nie gedril nie maar al die Boere het gelyk hulle passe geneem in een lang ry, gelyk hulle skeie gegooi en gelyk gestap om hulle skeie op te tel, gelyk omgedraai, gelyk hulle skeie weer opgetel en gelyk weer hulle skeie gegooi!! Dit het bykans die hele dag so aangehou.**

Die nag is daar waggestaan. Baie het wakker gelê tot dit hul beurt vir wagstaan was, waggestaan en daarna weer wakker gelê vanweë die harde grond.

Wagwoorde is uitgedeel en my sersant en ek was saam op wag. 'n Hele paar keer het ons mekaar bekruip en gehensop, elkeen menende dat die ander 'n indringer was! Met die wisseling van wagte moes die wagwoord ook aangegee word. Die mense in die kamp kon hoor wat al die wagwoorde is (die Boere het nie geweet om sag te praat nie).

Laat die nag het die wag die brandwagte bo-op die rantjies begin verveel. Hulle het toe begin om rotsblokke van die berge af te rol. Die geheime kamp is geskud en die val van die rotse kon myle ver gehoor word! Die volgende oggend was die kommandant die ene verontwaardiging!

Behalwe kok se maat, was ek die kommandant se persoonlike lyfbediende. Sy borde en bekers het ek getrou gewas en by gebrek aan iets anders met my sakdoek gedroë. Ek het dit nooit vir hom laat agterkom nie!

Saterdagmiddag is ons terug, nadat ons nog vele ander ondervindings gehad het, en nadat dit ons oë beskore was die unieke gesig: Boere wat almal saam ritmies jukskei gooi!

Lank lewe die Ossewabrandwag.

BERTUS.

# Staat Trek Aanklag Terug

Nadat die polisie op die Bethal-distrik toegeslaan en 'n groot aantal persone op aanklag van beweerde aanranding in hegtenis geneem is, het die staatsaanklaer die aanklagte teen etlike naturelle- en blanke voormanne teruggetrek. 'n Aantal naturelle-voormanne en boere wat in die hof verskyn het, is onskuldig bevind. Die getuienis in die sake was so teenstrydig dat daar geen kop of stert van uit te make was nie.

'n Blanke voorman is egter skuldig bevind en met £80 beboet. Kennis van appél is gegee.

# Springbok Legion Ontken

In ons uitgawe van 30 April het 'n berig verskyn onder die opskrif „Godlose propaganda in Springbok Legion?" waarin melding gemaak is van 'n sekretaris van die Springbok Legion, Melville, Johannesburg," wat sekere ateïstiese stellings in naam van die oudsoldate in 'n brief gemaak het. Ons het sekere bedenkings geopper of daar nie moontlik binne die Springbok Legion vir hierdie rigting gepropageer word nie. Na aanleiding hiervan skryf die hoofsekretaris van die Springbok Legion dat daar geen Melville-tak van die Springbok Legion as sodanig bestaan nie en slegs 'n Johannesburgse tak in daardie gebied; dat daar geen sekretaris Melville-tak, Johannesburg, is nie, en dat enige sodanige bewerings deur so 'n persoon nie deur die Springbok Legion as sodanig of deur enige persoon of persone wat 'n verantwoordelike amp binne die organisasie beklee, geoutoriseer is of kon gewees het nie. Hy meen verder dat die berig die indruk skep dat die bestuur so n rigting aanstig.

Dit was natuurlik nie die bedoeling of die effek van die berig om die bestuur van die Springbok Legion as sodanig van godlose propaganda of kommunisme te beskuldig of te beweer dat die organisasie dit amptelik aanstig nie.

# Vryburg Reël Bedrywighede

Onderstaande weeklikse Afrikaanse bedrywighede te Vryburg is gereël met die oog op voorkoming van botsings:

Elke Maandagaand is daar 'n Noodhulpliga-vergadering.

Elke derde Maandagaand is daar 'n Avor-vergadering.

Elke Dinsdagaand, is daar Strewers, en Liggaamsoefenige vir dames.

Die eerste en derde Dinsdagaande is sangaande.

Die vierde Dinsdagaand Reddingsdaadbond-vergadering.

Elke Woensdagaand word biduur gehou in die Nederduits-Gereformeerde kerk.

Op die tweede en vierde Donderdagaande is daar Volkspele.

Elke Saterdagmiddag Jukskei.

Alle ander vergaderings, funksies en konserte word deur die Skakelkomitee gereël om by die weeklikse program in te pas. — (M. E. Wiid).


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newton**

**HET U AL INGETEKEN OP SUID-AFRIKA SE ONAFHANKLIKE NAWEEKBLAD?**

**Dagbreek**

***Voorsitter:* Prof. L. J. DU PLESSIS** ***Redakteur:* Mnr. W. VAN HEERDEN**

**ONBEVOOROORDEELDE BERIGGEWING EN BESKOUINGE**

DAGBREEK se oplaag is streng beperk, aangesien koerantpapier nog steeds in onvoldoende hoeveelhede ingevoer word
Verseker dus die gereelde ontvangs van u eksemplaar deur by u naaste tak van die Sentrale Nuusagentskap in te teken,
of te skryf aan die SIRKULASIEBESTUURDER, DAGBREEK-PERS BPK., POSBUS 8161, JOHANNESBURG.

***Intekengeld:* 15/- vir 12 maande per pos gelewer, plaaslike aflewering 13/- p.j.**

„DIE O.B.," WOENSDAG, 23 JULIE 1947

# Dr. Malan en Ons

Dat daar tydige reaksie van die kant van die hoofleier van die H.N.P. gekom het ná die openbaarmaking van die regering se voorneme om nasionaalgesinde Afrikaners vir verkiesingsdoeleindes aan te kla weens beweerde oorlogshandelinge, is heeltemal begryplik. Saam met dr. Malan glo ons dat die huidige bewind nie sal terugdeins om die regbank in te span vir sy politieke oogmerke nie — net soos die kommunistiese bewind dit in Pole en onlangs nog in Hongarye gedoen het, waar die eerste minister tydens sy verlof in Switserland deur die minister van binnelandse sake in kennis gestel is dat hy by sy terugkoms tereg sal staan op 'n aanklag van sameswering teen die regering! 'n Beriggewer het in dié verband opgemerk dat hoewel die Hongaarse denkende volk moeilik sal kan begryp hoe 'n eerste minister teen homself kan saamsweer, so 'n optrede nogtans die kommunistiese houvas op die land verstewig. Die Suid-Afrikaanse regering het heelwat lesse uit Oos-Europa geleer en toegepas tydens die oorlog, en met sy eie ondervinding in verkiesingsopswepery is 'n vervolging van Afrikaners drie jaar na die oorlog nie buite die perke van die waarskynlike nie.

Die Smutsbewind het sy vorige verkiesing gewen op die golf van oorlogswoede en oorlogsbeloftes, en hy kón dit alleen daarop wen. Maar 'n nuwe oorlog skyn nie so onmiddellik op hande te wees nie — in elk geval nie so op hande as die wrewel van 'n misleide publiek wat hierdie keer nie eens die vredeskyn van 'n volkebond as vrug op hul oorlogspoging in die plek van beloofde huise en brood ontvang het nie. **Al wat dus oorbly vir die regering is om die oorlogsgraf na drie jaar weer oop te breek en die muwwe lug van haat en vervolging oor die Suid-Afrikaanse bevolking uit te skud in die skaduwee van die „Russiese kolos."**

**BEGRYPLIK**

Vir 'n leier van 'n politieke party wat uit ervaring weet hoe die volksaandag in die parlementêre spel met welslae van wesenlike vraagstukke afgetrek kan word deur onbeduidende brokkies aanstootlikhede, moet die moontlikhede van 'n verkiesingsbom soos hierdie 'n gevaarlike skyn aanneem.

Ons twyfel egter of dit veel nut kan hê vir dr. Malan om sy gebrek aan skakeling met die Ossewabrandwag te beklemtoon op die wyse wat hy in sy verklaring aan Die Burger gevolg het. Die feit van 'n skeuring tydens die oorlogsjare is tog so bekend by vriend en vyand dat 'n opwarming van besonderhede daarvan heeltemal oorbodig is en net skadelike gevolge kan hê.

**Ons verwelkom egter graag die versekering dat dr. Malan geen twis met die Ossewabrandwag meer het nie. Dit is die eerste versekering van hierdie aard sedert die jammerlike gebeure van 1941, en indien hierdie versekering ook in die praktyk tot uiting gebring word, sal dit al 'n groot stap wees in die rigting van konsolidering van kragte.**

Ook verwelkom ons dr. Malan se verklaring nou dat die stryd in 1941 oor die O.B. se houding ten opsigte van die oorlog gegaan het, en nie oor die O.B.-leiding se beweerde skakeling met genl. Smuts nie — 'n bewering wat indertyd die meeste kwaad aan die Ossewabrandwag gedoen het en die mewerkinge waarvan vandag nog die Ossewabrandwag by baie Afrikaners in verdenking hou. **'n Beter verstandhouding tussen opposisiekragte ag ons 'n onverbiddelike noodsaaklikheid vir die komende jare van stryd, en met die wete van die hele land dat daar tydens die oorlogsjare geen skakeling tussen die O.B. en enige politieke party was nie, kan ons geen rede sien waarom 'n terugwaartse dreigement van die regering die Afrikanerdom vir die res van die Empire-bestaan verdeeld moet hou nie.**

## *Maklike Besluit Moeilik Uitgevoer*

Die onderkomitee van die V.V.O. het besluit dat alle atoomwapens wat reeds vervaardig is en nog in aanbou is, vernietig moet word. Die komitee bestaan uit China, Rusland, Brittanje en Australië. Wanneer die bomme vernietig moet word, is nie oor besluit nie, aangesien die meerderheid van die komitee die vernietiging onderhewig maak aan behoorlike beheer en inspeksie, wat die Russe tot sover nog teenstaan.

## Wraak Op Duitse Leiers

Die sewe Duitse leiers wat nie deur die Neurenbergse wraakhof tot die dood veroordeel is nie, is verlede Vrydag onder strenge bewaring per vliegtuig van Neurenberg na die Spandau-tronk, in Berlyn vervoer. Dubbele rye militêre wagte het hulle by hul aankoms by die tronk ingewag waar hulle tronkklere ontvang het en na hulle selle geneem is. Hulle is afgesonder in aparte selle en moet 9 uur per dag werk.

Hierdie Duitse leiers is Rudolph Hess, Karl Dönitz, Von Schirach, Albert Speer, Erich Räder, Von Neurath en Funk.

# MOEDER SE DANK

**Onderstaande dankbetuiging van die moeder van dr. Eric Holm, is ons toegestuur: „Mev. Else Sidney Holm (gebore Rosenthal) van Bloemfontein, wil graag haar dank uitspreek teenoor die Ossewabrandwag van Bloemfontein onder leiding van genl. Grobbelaar en die O.B.-leiers vir die hartlike hulp — die geld as 'n geskenk — en die onthaal wat aan my skoondogter in die Pretoria Koffiehuis gegee is. Ek is nie in staat om u genoeg te bedank nie, maar dit sal my altyd bybly as 'n ou O.B. saam met my oorlede man, Sidney E. Holm, wat altyd by sy keuse om lid van die O.B. te wees, gebly het. Die Pretoria-leiers het almal teenoor my seun getoon wat hulle is. God seën hulle daarvoor. U opregte en dankbare vriendin, mev. Else Holm."**

# DIE NEGER IN DIE V.S.A.

## VRAAGSTUK VAN VERBASTERING

**DEUR DR. ERIKA THERON**

**Dikwels word aan my die vraag gestel: „Hoe lyk die Negers nou eintlik — is hulle pikswart soos ons naturelle en lyk hulle almal soos die wat 'n mens in die rolprente sien?"**

Die „tipiese" uiterlike Negerkenmerke is die swart vel, peperkorrels, plat neus en dik lippe. Maar baie van hierdie kenmerke is by baie individuele lede van die Negergroep nie te vinde nie. As gevolg van verbastering van die Negers met Rooihuide en blankes reeds van die vroegste tye af, is daar nog maar min „suiwer" Negers. Vir my was dit dan ook een van die dinge wat my die eerste opgeval het, nl. **dat so baie Negers bruin is en nie swart nie.**

Soos ons almal onthou uit die geskiedenis, is die Negers van Afrika en die Wes-Indiese Eilande na die V.S.A. as slawe ingevoer. Dit is bereken dat ongeveer 333,000 Negers tot 1808 die land ingekom het. In 1808 is die invoer van slawe deur wetgewing verbied, maar op verskeie maniere is slawe nog ingesmokkel terwyl die getal Negers in die land tussen 1790 en 1860 ook vermeerder het deur anneksasie van sekere gebiede wat nou bekend is as die state van Louisiana, Texas en Florida. Dit word aangeneem dat daar teen 1860 — toe die bevryding van die slawe 'n aanvang geneem het — ongeveer iets meer as 'n miljoen Negers in die V.S.A. was.

**IMMIGRASIE**

Na die emansipasie van die slawe is die Negerbevolking net in 'n klein mate aangevul deur immigrasie. In 1940 was daar alleenlik 84,000 uit die 12 miljoen Negers wat in die buiteland gebore is. Hiervan het driekwart nog van die Wes-Indiese Eilande gekom en hulle het dus nog moontlik 'n aansienlike mate van blanke en Indiaanse bloed. Net omtrent 'n duisend het van Afrika gekom.

Hoewel hierdie Neger-immigrante moontlik 'n invloed kan hê op die „swart bly" van die Negers in V.S.A., aangesien hulle geboortesyfer hoër is as die van die Amerikaanse Negers, is die meeste van hulle egter woonagtig in die groot stede van die noordelike state waar die geboortesyfers gou daal. Gevolglik het die Negers van Afrika nie so 'n belangrike invloed op die genetiese samestelling van die Amerikaanse Negerbevolking nie.

'n Groot aantal van die Negers lyk dus nie meer soos die „tipiese" Neger nie. Mellville Herskovits, wat 'n baie deeglike ondersoek ingestel het in die mate van verbastering by die Negers, het gevind dat by 'n noukeurige opmeting van 'n verteenwoordigende groep Negers daar 27.2% was wat verbastering met Rooihuide kan aantoon. Belangriker is nog verder dat die ondersoeker gevind het dat **71.7% van die groep blanke bloed in 'n mindere of meerdere mate in hulle are het.**

**VERBASTERING**

Ondersoekers verklaar dat dit natuurlik baie moeilik is om te voorspel wat in hierdie verband in die toekoms gaan gebeur. Myrdal, in sy bekende boek oor die Neger **„An American Dilemma,"** noem die volgende: Eerstens word algemeen verklaar **dat verbastering tussen Amerikaanse Negers en blankes aan die afneem is.** Al is dit nie seker dat geslagsomgang tussen die twee groepe afneem nie, is dit duidelik dat kinders gebore uit sulke omgang minder word in sowel absolute getalle as relatiewe verhoudings. Die hoofoorsaak hiervan is die toenemende gebruik en kennis van geboortebeperkingsmiddels.

Tweedens verklaar Myrdal dat gevind word dat die Neger-basters (mulattoes) dit vandag makliker vind om opgeneem te word in die blanke gemeenskap. Hierdie „passing" soos dit genoem word, is veral nou meer suksesvol as gevolg van die beweeglike aard van die bevolking waardeur 'n gemeenskap, waarin 'n persoon hom vestig, nie veel weet van sy herkoms nie. Verder het die immigrasie van donkerder immigrante van Oos-Europa en Suid-Amerika, veral Meksiko, dit vir die mulattoes makliker gemaak om as blankes deur te gaan deur voor te gee dat hulle Spanjaarde of Meksikane is!

**SEGREGASIE**

Aan die ander kant lei die toenemende segregasie van blank en gekleurd, veral in die groot stede, daartoe dat ekonomiese en sosiale monopolies vir die hoër klas Negers geskep word. Dit sal die begeerte om as blankes deur te gaan verminder, want dit is juis die mulattoes wat die meerderheid van die hoër klas Negers uitmaak.

Ook die toenemende rassetrots van die Negers sal enige oorgaan van die skeidslyn tussen wit en swart verhoed. **Die V.S.A. is uniek onder die lande wat 'n gemengde bevolking het, daarin dat dit 'n betekenisvolle aantal blanke of amper-blanke Negers het wat maklik sou kan deurgaan as blankes, maar wat verkies om dit nie te doen nie.**

Om begryplike redes is die omvang van die „passing" moeilik om vas te stel. Toenemende verbastering tussen blankes en Negers sal die getal wat wit genoeg is om deur te gaan as blankes laat toeneem. Toenemende verbastering tussen mulattoes en die donker Negers sal die getal weer verminder. Volgens een ondersoeker kan hierdie laasgenoemde tipe verbastering daartoe lei dat **die uiterstes van baie swart en baie wit Negers sal verdwyn en dat die meerderheid 'n tussenin groep sal wees.** Veral sal dit nog des te meer die geval wees as daar min of amper geen Negers van Afrika die land binnekom nie.

**STRYD TEEN PEPERKORRELS**

Wat vir die besoeker uit Suid-Afrika veral interessant is, is om te sien watter pogings deur baie van die Negers aangewend word om van hulle uiterlike raskenmerke ontslae te raak. Waar ons blankes vervelige prosesse deurgaan om ons hare te laat krul, laat die negervrouens en mans weer hulle peperkorreltjies „decink." **Die „beauty parlours" in Harlem en ander groot Neger-woonbuurte lê hulle spesiaal daarop toe. Vir ander, wat die proses te durabel vind of wie se krul maar nie wil uitgaan nie, word pruike van lang swart hare aanbeveel.** Baie van die „parlours" het sulke pruike in hulle vertoonvensters en ek het 'n paar maal Negerdogters teengekom wat dit dra.

Baie Negervrouens probeer ook hulle gesigvelle ligter maak deur sekere bleikpreparate, wat in hulle koerante geadverteer word, te gebruik.

Enkele Negers het ook deur middel van operasies hulle neusformasie en dik lippe laat verander. Maar weens die hoë koste daaraan verbonde, gebeur dit maar selde, net soos die grootste meerderheid Negers maar met olie hulle hare probeer plat en styl kry omdat hulle te arm is om na „beauty parlours" te gaan.

Baie van die meer ontwikkelde Negers dryf die spot met sommige van hierdie pogings van hulle eie mense om sover moontlik na die witmens te lyk. Dit is diegene wat 'n sterk rassetrots het en die nabootsing so effens as vernedering beskou.

# Stellenbosch Sterk Kameradefonds

Stellenbosch was die eerste om te antwoord op die oproep in Die O.B. van 18 Junie, waarin bydraes gevra is om rookgoed ens. vir die kamerade in Baviaanspoort te koop.

Veldkornette Van der Merwe het die inisiatief geneem en in 'n ommesientjie van vrygewige persone die bedrag van £8-3-0 ingesamel. Dit het gehelp om die fonds tot £16 op te stoot.

Persone wat graag verder iets wil doen om die lot te verlig van ons kamerade wat vir jare reeds geen vryheid meer ken nie en wie uit hulle skamele inkomste van 3d. per dag nie sulke weelde-artikels soos sigarette, tandepaste en skeerseep kan bekostig nie, kan hulle bydrae stuur aan mnr. I. J. Ferreira, Sanlamgebou 616, Posbus 1059, Pretória.

Kommandant Ferreira, wat self een van die oudgevangenes is, en presies weet wat die meeste deur ons vriende in die kamp benodig word, beheer die fonds.

Laat ons, wat met daardie manne saam voel en graag aan hulle hulde bring, ons waardering tasbaar bewys deur bydraes om hulle in hulle toestand van gevangeskap tegemoet te kom.

## *Veldkornette Van Hendrina Heengegaan*

Die O.B.-kommando van Hendrina wil langs hierdie weg hulde bring aan die nagedagtenis van wyle veldkte. Wassenaar, eggenote van komdt. Gertjie Wassenaar van Middelburg, wat hom ontval het in die jeugdige ouderdom van 43 jaar. Mieka was ook die enigste sorg van haar vader, mnr. N. Zuidervant, en 'n broer. Sy was 'n pligsgetroue offisier en sal baie deur haar kamerade gemis word. Sy was ook 'n ywerige werkster van Die Reddingsdaadbond en die Susters-vereniging van die Gereformeerde gemeente Middelburg—dit getuig die twee pragtige kranse wat van dié verenigings ontvang is. Onder die groot skare van vriende en familie wat die laaste eer aan die oorlede bewys het, is ook opgemerk kaptein H. Slechtkamp en genl. Piet Bosman. Oom Jan Opperman het as Koster opgetree en ds. Postma het die diens waargeneem. Sy word oorleef deur haar eggenoot en seuntjie. Ons innige meegevoel gaan na hulle uit. — (Ingestuur).

# Nuwe Hoop Skemer Deur Vir Kankerlyers

## WATER WAT GROEI BELET

**Verskeie persone wat 'n jaar of wat gelede sterwende was aan kanker, sit vandag weer agter hul lessenaars en is volkome van kanker genees. Hierdie merkwaardige genesing wat voorheen heeltemal onmoontlik was, is die resultaat wat behaal is as gevolg van toevallige ontdekkings. Proefnemings wat tot dusver uitgevoer is, het daarin geslaag om 'n aantal hopelose kankergevalle heeltemal te genees terwyl die groei van die kanker in 'n groot persentasie gevalle tot stilstand gebring is.**

'n Aantal jare gelede het 'n bekende Franse geneesheer 'n baie eenvoudige maar tog veelbetekende verskynsel waargeneem. **Hy het 'n groot aantal pasiënte behandel met water uit die bronne by La Preste in die Pirenië-gebergte in Frankryk, en het ontdek dat gedurende die vyf jaar wat hy die mense met die water behandel het, nie een van sy pasiënte kanker gekry het of daaraan dood is nie.**

KRY NOOIT KANKER

Op sigself kon hy nie veel waarde aan die resultaat heg nie omdat die aantal mense wat hy behandel het en die tydperk van sy proefnemings, te beperk was. Tog het dit vir hom eienaardig voorgekom, en dit het sy aandag in beslag geneem weens die feit dat so baie van sy ander pasiënte aan kanker ly en slegs hierdie klompie nie.

**Hy het begin navraag doen en tot sy verbasing uitgevind dat die inwoners van die gebied om die waters van La Preste wat dit daagliks gebruik, nooit kanker opgedoen het nie.** Dit het sy belangstelling nog verder geprikkel maar vir hom as wetenskaplike was daar geen statistiese gegewens nie en die verklarings van die inwoners mag miskien sommer praatjies gewees het.

DIERE

Ten einde sy veronderstelling dat hierdie water geneeskragtige eienskappe bevat wat in staat is om kanker te verhoed, te bevestig, het hy begin om proefnemings op diere uit te voer. Hy het kanker op hulle oorgeplant en hulle daarna met die water van La Preste behandel. **In geen geval kon hy die omvang van die kankerseer kleiner maak nie, maar hy het in elke geval daarin geslaag om die groei van die kanker stop te sit.**

In hierdie stadium het die oorlog uitgebreek en omstandighede het hom belet om met sy proefnemings aan te gaan. Sy reeks eksperimente het hom egter oortuig dat hierdie onbekende water van La Preste 'n geneeskragtige element bevat wat die groei van kanker kan verhoed al is dit nie in staat om dit te genees nie. Die bronne is onlangs eers weer toeganbaar gemaak omdat dit tydens die oorlog verbode terrein was.

IN BRITTANJE

Kort nadat die Overseas Intelligence Digest onlangs prominente publisiteit aan hierdie navorsing gegee het, het daar belangrike ontwikkelings plaasgevind.

'n Bekende hospitaal in Londen het onderneem om hierdie merkwaardige proefnemings verder te voer indien die Britse regering sal toelaat dat van die water van La Preste na Brittanje ingevoer word. Hierdie hospitaal beskik oor moderne laboratoria. Dit word gemeen dat die water van La Preste in die bloed ingespuit moet word.

SAMELOOP

Vyftien jaar gelede het 'n wetenskaplike, Thomson van die Hosa-Navorsingslaboratoria, begin wonder of, aangesien die parathyroïd-klier liggaamlike groei veroorsaak, dit nie ook groei van kwaadaardige siektes aanmoedig nie. Indien dit wel so is, het hy gemeen, dan moet die groei daarvan verhoed kan word deur hierdie klier onaktief te maak. 'n Stof bekend as H.11, wat uit urine verkry is, word aangewend om die ontwikkeling van die klier stop te sit. **Die stof besit dieselfde eienskappe as die water van La Preste. Albei verhoed die ontwikkeling van bose gewelsels in die liggaam. Opspraakwekkende resultate is reeds behaal.** Daarmee is daarin geslaag om groei van kanker in muise te beëindig. Dieselfde resultate is reeds met mense behaal.

RESULTATE

Dr. E. Gronin Lowe, 'n bekende patalogis in Brittanje, het tydens die oorlog sy resultate bekend gemaak. Dit het gestrek oor proefnemings wat op 569 gevalle wat besig was om aan kanker te sterf, uitgevoer is. In die eksperimentele stadium van die proefnemings het 167 van die gevalle gesterf voordat hulle genoegsaam behandel kon word. In die geval van 159 persone het die dokters wat die gevalle behandel het, in gebreke gebly om die gegewens van die getalle op te teken. So is hulle buite rekening gelaat. Daar het dus 243 gevalle oorgebly wat stof vir navorsing gebied het. **Twee-en-dertig persent van die gevalle het geen verbetering getoon nie, by 28 persent het tydelike verbetering ingetree, terwyl 40 persent van die gevalle getoon het dat die groei van die kanker belet is. 'n Paar het heeltemal genees. As 'n eksperiment in sy proefondervindelike stadium was die resultate van groot betekenis.**

Wetenskaplikes is van mening dat hierdie stof, wat identies is met die water van La Preste, H.11, onteenseglik bewys het dat daar groot moontlikheid bestaan vir die algehele genesing van kanker, en dat waar dit in gevorderde gevalle nie meer genesing kan bewerkstellig nie, dit wel in staat is om die pyn uit die kankerwond weg te neem.

## STRYD TEEN SIEKTES



Wetenskaplikes in 'n mediese navorsingslaboratorium besig om 'n rot te ontleed wat as proefdier gebruik is by die navorsing van siektes.

# „Hulp In Belang Van Demokrasie"

**Al manier waarop die Verenigde State sy belange in Europa kan dien, is deur geldelike hulp aan Europa te verleen en as hy dit nie doen nie sal hy tevrede moet wees om toe te sien dat die volke van Europa die demokrasie verwerp.**

Hierdie menings is deur die vader van die hulpplan aan



Genl. G. Marshall

Europa, genl. Marshall, uitgespreek na aanleiding van die Paryse konferensie waar Wes-Europa sy plan verlede week bespreek het. Hy sal die plan later aan die Amerikaanse kongres voorlê.

Die Paryse konferensie het verlede week die rekord van na-oorlogse internasionale konferensies geslaan toe hulle na vier dae eenstemmig uiteen is. Rusland was nie teenwoordig nie.

Die konferensie het 'n komitee benoem wat verder op die Marshall-plan vir hulp aan Europa, sal ingaan.

# Kommuniste Doen Inval In Griekeland

**Kommunisties - ondersteunde guerilla-magte wat hulself die „internasionale brigade noem, het Griekeland verlede week binnegeval. Baie van die soldate van hierdie „leër" dra kentekens van die Rooi Leër. Dit is die grootste inval wat hierdie guerillas onder aanstoking van Rusland tot dusver in Griekeland gedoen het.**

Hierdie nuwe en hardnekkige aanvalle van die linksgesindes is blykbaar geloods as 'n protes teen die beloofde Amerikaanse finansiële hulp aan Griekeland waarmee Amerika hoop om 'n houvas op die Balkan te kry waar Rusland reeds hoogty vier.

# Nuus Van Ons Kommando's

**POTGIETERSRUST VRA LEDEKAARTE**

Genl. Verwey het 'n dringende skrywe gerig aan Gebiedshoofkwartier om tog sonder versuim ledekaarte en kwitansieboeke aan twee nuwe kommandante te stuur: komdt. G. Peens, Potgietersrust, en komdt. J. A. L. Schmidt, Potgietersrust-distrik. Die brief lui verder: „Die geesdrif vir ons Volksaak in hierdie area en die ywer wat genoemde twee offisiere aan die dag lê, het my skoon verstom laat staan; hulle laat geen gras onder hulle voete groei nie. Potgietersrust en distrik word gefynkam om almal wat bymekaar hoort, bymekaar te bring."

Kommandante Peens en Schmidt word hartlik verwelkom onder ons offisiersgeledere en alle voorspoed en seën word hulle toegewens.

**PIETERSBURG REORGANISEER**

Nadat daar vir 'n geruime tyd nie veel nuus uit Pietersburg gekom het nie, het daar skielik goeie nuus gekom.

Generaal D. P. Verwey, wat tans baie rondreis, het 'n dringende brief gerig aan Gebiedshoofkwartier: „Stuur tog dadelik ledekaarte en kwitansieboeke."

Mnr. Eddie Pauer, onder wie se leiding die reorganisasie deurgevoer word, berig dat van orale nuwe werkkragte te voorskyn tree en hy voel oortuig daarvan dat Pietersburg eersdaags weer sy ou plek onder die bestes sal herower.

## Weergawe Van Kaapse Inwoners

Te oordeel na die telefoonadresboek van die Kaapse Skiereiland is dit nog net die Smiths wat in die weg van heerskappy van die Cohens staan. Die lys van Smiths is die langste met 179 name, terwyl die van Cohen tweede is met 153. Laasgenoemde het in die afgelope jaar met 29 toegeneem teenoor die 22 van die Smiths — 'n onheilspellende voorteken vir die Smiths!

## SAMEWERKING VORDER

KAROS. — Na onderhandelings deur sommige plaaslike H.N.P.-lede het komdt. W. J. Lubbe van die Karos-kommando 'n vergadering belê waarheen alle Afrikaners hartlik uitgenooi is. Die vergadering is goed bygewoon deur lede van die H.N.P.

Die vergaderings is geopen deur komdt. Lubbe. Hfkomdt. Struwig het die vergadering toegespreek en die ontstaan en strewe van die Ossewabrandwag verduidelik. Hy het versoek dat die vrae wat gestel word met die oog op die aanstaande verkiesing in 'n trant van eensgesindheid moet wees sodat die aanwesiges mekaar nie te na kom nie.

Onmiddellik nadat hfkomdt. Struwig sy toespraak afgesluit het, het een van die aanwesige H.N.P.-lede opgestaan en sy hand van vriendskap aan komdt. Struwig gereik en hom bedank vir die inligting. 'n Ander lid van die H.N.P. het ook sy dankbaarheid uitgespreek oor die gees van samewerking.

Die vergadering is afgesluit met 'n gebed. — (Korr.).

# Vrees V.S.A. Herrysenis Van Nas.-Sosialisme?

**Gelyktydig met die Europese konferensie wat die Marshall-plan verlede week in Parys bespreek het, het die Amerikaanse regering 'n nuwe beleid vir Duitsland aangekondig wat sekere dinge toelaat wat voorheen verbied was, en wat beoog om die Duitse nywerheidsproduksie te verdubbel. Volmag is aan die Amerikaanse opperbevelhebber in Duitsland, genl. Clay, verleen om die nodige stappe te doen vir uitvoering van die beleid.**


**Een van die eerste stappe wat deur genl. Clay gedoen is, is om opdrag te gee vir die inhegtenisneming met die oog op internering van alle voormalige lede van organisasies wat deur die Neurenbergse hof tot misdadiger-organisasies verklaar is. Die organisasies is die Duitse Leierkorps, die S.S., die Gestapo en die V.D. (veiligheidsdiens).**

Volgende op die toespraak van genl. Marshall waarin hy gewaarsku het dat die demokrasie in Europa verwerp sal word indien Amerika geen geldelike hulp aan die Europese lande verleen nie, het hierdie optrede van genl. Clay die vraag laat ontstaan of daar behalwe die kommunistiese gevaar ook die moontlikheid van 'n herrysenis van die nasionaal-sosialisme bestaan.

**In die opdrag van die Amerikaanse regering word die bevelhebber in Duitsland dringend beveel om toe te sien dat geen „vreemde regeringsvorm" op Duitsland afgedwing word nie. Meeste mense sou gemeen het dat hierdie opdrag op die kommunistiese gevaar gerig was, maar aangesien daar eerste toegeslaan word op die nasionaal-sosialiste, wil dit die indruk skep of die vertrapping van Duitsland onder die Geallieerde besetters die nasionaal-sosialisme versterk het eerder as die kommunisme, en dat die Amerikaanse toegewings in die eerste plaas as 'n teenmaatreël hierteen beskou moet word.**

Die opdrag aan genl. Clay verVang 'n vorige een waarin Duitsland belet is om staal- en ysterprodukte en chemikalieë te vervaardig. Hierdie dinge word nou toegelaat mits dit nie wapentuig of ammunisie is nie.

# WIL 400 M.P.U. JAAG




**Asof 369.5 myl per uur nie vinnig genoeg is nie, gaan John Cobb, die bekende Britse motorjaer, oor drie weke 'n nuwe aanslag op die wêreldsnelheidsrekord waarvan hy die houer is, maak. Hierdie keer wil hy probeer om 400 m.p.u. met sy „Railton Mobile Special" wat hy ook in 1939 gebruik het, te bereik. Hy het die motor egter intussen aansienlik verander. Hy gaan sy waagstuk op die soutpan by Bonneville in Amerika uitvoer. Cobb is hier op die foto te sien met sy motor waarvan die dop afgehaal is. Dit lê op die agtergrond**

# AFGEKAPTE HANDE!

## Oproep Om Hulp

Prof. G. Cronjé, Noodhulphoof, skryf as volg:

Twaalf manne se hande is afgekap. Hulle is magteloos,... hulle wat nie teruggedeins het nie maar alles opgeoffer het en bereid was om ook hulle lewens in te skiet. Eers was hulle agter die tralies van die Sentrale Gevangenis; nou is hulle agter die doringdraad van Baviaanspoort. Hulle kan nie self vir hulle vrouens en kinders sorg nie. Hulle kan nie self hulle eiendom en hulle assuransie in stand hou nie. Hulle kan nie self vir hulle studie betaal nie. Ook vir die behandeling van hulle oë en hulle tande kan hulle nie betaal nie. En tog wankel nie een van hulle nie. Elkeen van hulle is 'n held. Manne van die daad maar met afgekapte hande. As die O.B.-Noodhulpfonds nie help nie, sal hulle in die steek gelaat wees. In die verlede het niemand anders gehelp nie; in die toekoms sal dit ook nie gebeur nie.

Daarom, Brandwagte, u kamerade moet gehelp word en sal gehelp word tot die laaste een vrygelaat is. **U sal help!** U wat self in u eie behoeftes kan voorsien, wat self vir u huisgesin kan sorg omdat u hande nie afgekap is nie.

Die beroep word gedoen òf om 'n stywe kontante bydrae te stuur aan die O.B.-Noodhulpfonds òf om 'n aftrekorder te onderteken en maandeliks 'n bepaalde bedrag in die Fonds te stort. Vorms vir die aftrekorder is aan alle Gebiedshoofkwartiere gestuur en is ook by ondergetekende verkrygbaar.

**Handel dadelik! Elke Brandwag is dit aan die kamerade met afgekapte hande verskuldig.**

**Die Noodhulpfonds vra nooit geld as dit nie dringend nodig is nie.**


**Handel dadelik want u hande is nie afgekap nie.**

Die adres van die Noodhulphoof is Posbus 1230, Pretoria.

# Dr. Malan Oor O.B. En Eleksiebom

## Disassosieer Homself

**Die verkiesingsbom wat die regering, na berig word, in gereedheid hou in sy oorlogsargief, is deur dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., verlede week in 'n onderhoud met Die Burger bespreek toe hy opnuut die verhouding van sy party teenoor die Ossewabrandwag uiteengesit het.**



DR. D. F. MALAN

Dr. Malan het onder meer verklaar dat die verhouding „dieselfde is as tussen enige twee politieke of semi-politieke organisasies wat apart van mekaar bestaan en wat geen ooreenkoms met mekaar het of wat selfs geen onderhandeling met die oog op so'n ooreenkoms met mekaar gevoer het nie."

Hy het weer 'n oorsig gegee van die stryd van die verlede en beweer dat hy die Cradockse ooreenkoms aangegaan het „so gou as dit begin te blyk het dat die O.B. gevaar loop om sekere noodlottige rigtings op te gaan", met die doel om 'n effektiewe waarborg daarteen te wees.

„BUITE-WETLIK"

Die ooreenkoms is nie nagekom nie, aldus dr. Malan, waarna daar vir die H.N.P. geen ander weg oopgestaan het nie as om hom openlik te disassosieer van enige poging „om die nasionaal-sosialistiese stelsel in Suid-Afrika in te voer of om gebruik te maak van enige onkonstitusionele of buitewetlike metodes." Op 'n vraag of die stryd teen die O.B. voortgesit word, het dr. Malan geantwoord: **„Nee, ons het ons veiligheidsmaarteël getref en dit bly so; die O.B. staan buitekant ons party en as ons van daardie kant nie aangeval of ondermyn of verkeerd voorgestel word nie, is daar geen rede waarom ons op enige manier uit ons pad moet gaan om die O.B. aan te val nie."**

Dr. Malan het verwys na sy uitnodiging aan „lede van alle partye en groepe wat op die kleurvraagstuk met ons saamstem" om sy party te ondersteun in die verkiesing, en bygevoeg dat hy „onder hierdie ook die lede van die O.B. ingesluit (het) en ek skaam my nie daarvoor nie."

(Vervolg in kolom 3)

# Kon Russiese Wreedhede Nie Langer Aanskou

(Vervolg van bladsy 1)

begin honger ly. Die Russe het egter geen poging aangewend om die toestand te verlig nie, verklaar die getuie. Die broodrantsoen was toe nooit meer as 200 gram per dag nie en geen ander rantsoen wat op die kaart aangegee word, was verkrygbaar nie.

BROOD ONKOOPBAAR

**„Min kon bekostig om ekstra brood te koop omdat 'n broodkaart tien of twintig roebels gekos het. Die Duitse ryksmark het nou geen waarde nie en mens kan dit langs die strate sien lê soos dit weggegooi word. 200 gram brood kos 1 roebel, wat geen arbeider kon bekostig nie."** Omdat hulle geen geld het nie, begin die mense dinge uit te ruil. Ander wat niks het om te ruil nie, moet eenvoudig kos steel.

„Dit is nie moontlik om ekstra voedsel in Königsberg te koop nie. Baie mense kry perdevleis van die slaghuis, nieteenstaande dat dit gevaarlik is om dit te gaan haal, as gevolg van die grille en wreedaardigheid van die Russe. **Baie vroue wat daar vleis gaan haal word verkrag en vermoor; dikwels keer net die helfte terug. Ek het dit met my eie oë gesien,"** verklaar die kommunis.

GEEN KINDERS OOR

„Kinders onder die ouderdom van vier jaar en ou mense bestaan nie meer in Königsberg nie. Al mense wat ordentlike rantsoene ontvang, is die vroue wat die Russe tevredestel.

**„Op 6 en 7 Oktober, die dae van feesviering deur die Rooi Leër, is die soldate vryheid verleen. Hulle het die mans geslaan en die vroue verkrag. My moeder wat toe 71 jaar oud was, is verkrag en is op Kersfees oorlede."**

Hy verklaar voorts dat hy Königsberg verlaat het omdat hy die toestand nie meer langer kon aanskou nie en het eindelik daarin geslaag om uit die Russiese gebied te kom. Hierdie verklaring is deur 'n Britse oudsoldaat na Engeland gebring.

# K.G. Op Lichtenburg

Na aanleiding van die berig in verlede week se uitgawe in verband met die K.G. se vergadering te lichtenburg op 1 Augustus, deel die Johannesburgse hoofkwartier mee dat die toespraak nie oor die politieke situasie sal gaan nie, soos deur ons korrespondent berig.

# Oorlog In Java

Die Nederlanders het Sondagnag militêre operasies in Java begin teen die Indonesiese Republikeine, na SAPA-Reuter berig. Die geskil gaan hoofsaaklik oor die weiering van die Republikeine om Nederlanders in die polisiemagte in te sluit. Van Nederlandse kant word verklaar dat die Republikeine nie in staat is om die onwettighede te beeindig nie.

(Vervolg van kolom 5)

WIL PLEIT

Dr. Malan het voorts geëis dat die regering alle dokumente waaroor hy beskik in verband met Duitsland moet publiseer of insage gee aan die parlementêre partye sodat 'n eensydige voorstelling voorkom kan word.

Met betrekking tot moontlike optrede van die regering het dr. Malan verklaar dat hy geen ondermynende handeling of onwettige dade sal goedpraat nie, maar sal pleit vir genadige behandeling en vir 'n versoenende houding.

„Ek het my party op die regte pad gehou. Ek het, vir sover ek kan, maatreëls getref om dieselfde te probeer doen in geval van die O.B. Ek het Nasionaalgesindes en die algemene publiek gewaarsku."

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.